

## **Preektema: Wil jy regtig weet wat van jou gaan word?**

### **Skrifvoorlesing: Lukas 1:57-66**

**Fokusteks:** “Wat sal tog van hierdie kindjie word?” (1:66b)

#### **Inleiding**

Die vraag wat die mense in die bergstreek van Judea oor die klein Johannes gevra het is nie vreemd nie. Ons almal vra dit maar as ons na ‘n pasgebore kindjie kyk, en ons verwag nie regtig ‘n antwoord nie. In Johannes se geval was daar egter wel genoeg rede om ‘n antwoord te verwag. Die vraag hou egter nie op nie. Ons bly dit vra namate ‘n kind groter word. Uiteindelik word dit vir baie ‘n kwelvraag: “Wat gaan tog van my word?” Die vraag is of ons regtig wil weet wat die antwoord is.

#### **Ons gaan oor drie sake nadink:**

- Die verskillende redes vir die vraag
- Die verskillende antwoorde wat pas by elke rede
- Die verskillende opvolg aksies op die antwoorde

#### **Verskillende redes vir die vraag**

- Natuurlike vraag uit nuuskierigheid
- Geloofsvraag met verwondering
- Kwelvraag in twyfel en moeilike tye

#### **Verskillende antwoorde pas by elke vraag**

- Groei, groot, slim en belangrik word, pas by natuurlike ideale
- Herskep word na die beeld van die Seun, pas by geloofsekerheid
  - Die Vader belowe...
  - Die Seun belowe...
  - Die Heilige Gees belowe...
- Onduidelik wat sal word, pas by onsekerheid en kleingeloof

#### **Hoe God elke antwoord opvolg**

- Hy laat die natuurlike mens die evangelie hoor om hulle te bekeer
- Hy moedig die gelowige mens aan om dit na te jaag en die gelowige ouers om hulle kinders volgens sy beloftes op te voed
- Hy gee besondere aandag aan elke kind van Hom wat twyfel en verwag van ons om dieselfde te doen

#### **Ander Skrifgedeeltes waarna in die preek verwys kan word en vir meditasie agterna:**

Johannes 3:27-30; Matteus 11:2-6; Kolossense 3:5-11; Romeine 8:28-30

#### **Dink na oor die volgende:**

- Wanneer laas het ek gewonder wat my/my kind/my kleinkind gaan word?
- Hoekom het ek so gewonder?
- Watter antwoord (indien enige) het ek toe gekry?
- Het die antwoord my vertrou op God versterk?

- Watter antwoord het ek vanoggend gekry?
- Het dit my in my vertrouwe op God versterk?
- Watter aksie kan ek van God verwag?
- Sal ek daarvoor bid en dank?
- Watter samewerking gaan ek gee?